

Sing vooraf staande: Psalm 147:2 (p. 704)

- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:2, 3 (p. 696)

- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met
Ps. 130:2 (p. 635)*

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

- **Doksologie:**
 - **Aanbidding:**
 - **Skuldbelydenis:**
 - **Vergifnis:**
 - **Dank:**
 - **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
 - **Algemene bede:**
 - **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**
- Amen.

Psalm 138:3 (p. 671)

- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlikheid; / sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strew.

Skriflesing: 2 Korinthiërs 12:19 – 13:13

Teks: 2 Korinthiërs 13:4

**Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van
God ... (2 Korinthiërs 13:4 AFR53)**

Ons het verlede Sondag die Heilige Nagmaal gevier. Kom ons ondersoek die
Bybelgedeelte wat ons saam gelees het, met dít in gedagte.

Wat sien ons?

Ons kom agter dat kerke maar van die begin af roekeloos en onverskillig teenoor God se genade in Christus Jesus was.

Dink maar aan die Briewe wat Johannes in opdrag van die Here Jesus aan die verskillende gemeentes skryf:

- In die brief aan die gemeente in **Éfese** skryf Jesus Christus dat Hy dit teen hulle het dat hulle hulle eerste liefde verlaat het.
- Aan die gemeente van **Pérgamus** skryf die Here: Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het, om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat!
- Aan **Thiatíre** word geskryf dat daar 'n profetes is met die naam Isébel wat die gemeente tot hoerery en afgodery verlei.
- Vir **Sardis** word geskryf dat die gemeente die naam het dat sy lewe, maar God ken sy werke: die gemeente is dood.
- **Filadelfia** se gemeente het weer lidmate gehad wat gelieg het en hulle voorgedoen het wat hulle nie was nie.
- **Laodicéa** se gemeente was lou. Hulle het geen warmte gevoel vir God en sy liefde teenoor hulle nie.

Net so was dit gesteld met die gemeente waarvan ons gelees het.

- Hulle het net gewag dat Paulus sy rug gedraai het, dan het sekeres van hulle sy prediking afgekraak met allerhande skinderstories waarin sy apostelskap ontken is.
- Selfs meer nog, want in hoofstuk 12 vers 20 skryf die Heilige Gees 'n lang lys van oortredinge wat op die rekening van die kerk in Korinthe staan:
Voortdurende twis, jaloesie, toornigheid, verdeeldheid, nuusdraery, verwaandheid en wanordelikheid.

Dit lyk nou maar sommer net na 'n lysie van sondes wat daar voorgekom het, maar inderwaarheid is dit 'n getuigskrif dat 'n kerk wat so leef, nie meer dankbaar is vir die feit dat Christus sy sondes met God moes versoen nie.

- Hierdie dinge getuig dat die lidmate van die kerk nie meer daaraan dink dat Christus helse smarte vir hulle moes verduur nie.
- Hulle vergeet dat die Here:
 - die hoogste hemele verlaat het en hier op die aarde spot en honger moes verduur;
 - selfs aan versoeking deur die Satan blootgestel was;
 - pyn moes verduur toe hulle sy rug oopgeslaan het met gesels;
 - toe Hy wat God is, ook in sy menslike kragte in duie gestort het toe Hy nie sy kruis verder kon dra nie;
 - die verskriklike pyn gely het toe die spykers deur Hom geslaan is en hy net aan hierdie spykers moes hang; en
 - skande en skaamte moes verduur omdat Hy boonop nakend voor die mense moes hang.

Jesus het dit alles gedoen, omdat Hy ons welsyn op sy hart gehad het. Dit is waarvoor Hy alles gedoen het.

Ons moet ook net hierby onthou dat ons mense nie die enigste wesens in die skepping is wat teen God gesondig het nie; 'n groot deel van die engele het ook! Maar daar is absoluut geen verlossing vir hulle moontlik nie! Net ter wille van ons het al hierdie dinge gebeur.

Paulus sê dat hy hierdie dinge voor die aangesig van God in Jesus Christus skryf. Hy skryf dus met durf en selfversekerdheid, want Hy weet dat God hierdie geskrif toets en Hy bevind elke woord waar. Maar die effek wat hy wil bereik is dit: *Hy sê vir die gemeente dat hy weet dat hy met sy prediking verantwoording aan God verskuldig is, maar hulle moet net onthou, hulle is ook!*

Dit blyk dat Paulus heeltemal op hoogte was van alles wat daar destyds in die gemeente van Korinthe gebeur het.

- In hoofstuk 12 vers 21 skryf hy dat hy, toe hy die vorige keer daar was, met sekere mense gepraat het omdat hulle onrein was, en gehoereer het.
- Hy weet dat sommiges van hulle hulle bekeer het, maar hy weet ook dat daar ander is wat nie het nie.

Nou kom hy terug na die gemeente toe. En sê hy, in die mond van twee of drie getuies sal die waarheid vasstaan. Elke woord.

- Daarmee skep hy die idee van 'n regsaal. Daar sal uiteindelik 'n verhoor plaasvind, waarin die sondaars veroordeel sal word.
- Die gedagte is nie dat Paulus die gemeente een vir een gaan verhoor, en dat die ander dan elke keer moes gaan getuig teen sekere lidmate sodat hulle in die moeilikheid kan kom nie.
- Hy profeteer hiermee van die verhoor en veroordeling wat deur Jesus Christus waargeneem gaan word by sy wederkoms – Christus is nie swak nie, maar kragtig.

Dan kom die treffende vers 4 in hoofstuk 13:

Want al is Hy gekruisig uit swakheid, lewe Hy tog uit die krag van God.

Dit staan in verband met vers 2 waar Paulus skryf dat hy nie die gemeente sal spaar as hy weer kom nie. *In die krag van Christus sal die onbekeerlikes gestraf word.*

- Die gemeente in Korinthe het in hulle oomblikke van sonde doen, gedink dat Christus kragteloos is.
- Paulus noem ook dit wat waarskynlik hulle redenasie was: Hy is gekruisig uit swakheid.
- Die mense het waarskynlik begin redeneer dat die mense oor Jesus geheers het, en dat hulle Hom gedwing het om te ly.

Paulus stel die saak baie reguit:

- Die implikasie van sy woorde is dat Jesus nie deur die mense gedwing was om te ly nie. Hy wou self ly. Hy wou self gekruisig word – ter wille van die uitverkorenes.
- Daarom lê Hy sy lewe af – die dood het Hom nie oorval nie, want Hy het self die uur van sy dood vasgestel en toe sy asem uitgeblaas.

Maar nou moet die gemeente nie teen die swakheid van die kruisiging en die feit dat Jesus gesterf het, vaskyk nie.

- Hulle moet ook daaraan dink dat Jesus hierdie dinge berekend en maklik hanteer en oorwin het, en dat Hy nou leef.
- Christus is almagtig, want Hy is God. En deur sy Goddelike krag het Hy selfs die uur vasgestel waarop Hy weer lewendig geword het en opgestaan het uit die dood.
- Daarmee lewer Hy 'n baie duidelike bewys van sy Goddelike mag en krag.

Ons moet twee dinge hierby in gedagte hou.

- Die eerste is vers 3 waar Paulus skryf dat die Here Jesus Christus nog steeds kragtig onder hulle is.
- Die tweede saak is dit wat in vers 5 staan:

Ondersoek julleself ...; stel julleself op die proef ...

Paulus laat die gedagte in hulle midde dat hulle die kruisiging verkeerd onthou het, maar hy onderstreep tog dat Christus hulle met sy Goddelike krag skoon kan verdelg as hulle geloof nie reg bevind word in sy oordeel nie.

Daarom vra hy ook die vraag:

Of is julle nie seker van julleself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie! (2 Korinthiërs 13:5b AFR53)

Kom ons onthou Christus in sy oomblikke van smarte aan die kruis.

- Maar laat ons dit altyd skerp in ons geheue hou dat Christus, ons God, uit die dood opgestaan het.
- Laat ons onthou dat sy kruisdood 'n daad van genade was.
- Laat ons onthou dat Hy dit in sy almag gebruik het om juis daarmee sy almag oor die dood en die lewe te bewys.

Laat ons waardig lewe aan hierdie groot genade, en dan doen ons dit soos wat dit hier beskryf staan:

Verder broeders,

- **wees bly;**
- **word volmaak;**
- **laat julle bemoedig;**
- **wees eensgesind;**
- **hou vrede,**
- **en die God van liefde en vrede sal met julle wees.** (2 Korinthiërs 13:11 AFR53)

Met daardie gesindheid is ons van die Nagmaal af teruggestuur in die volle lewe in!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 3 Maart 2013